

# MEERHOFFKASTEEL — HISTORIESE HEUWEL IN DIE HARDEVELD

Prof. P.L. Scholtz

Departement Geskiedenis, Universiteit van Wes-Kaapland

In Julie 1978 toe die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede 'n waardige kopergedenkplaat in die historiese Meerhoffkasteelgrot onthul het,<sup>1</sup> het 'n stuk interessante ou Kaapse geskiedenis weer onder die loep gekom. Wat is Meerhoffkasteel, en watter vreemde verhaal uit die verlede omweef hierdie beskeie Hardeveldheuwel?

Nagenoeg 400 km noord van Kaapstad en vyftien kilometer ten weste van die dorpie Nuwerus lê 'n piramideale spitskoppie (Meerhoffkasteel) op 'n afgesonderde uitgestrektheid wat deel vorm van die woestynagtige kusvlakte tussen die Olifantsrivier en die Oranje. Die kruin van hierdie koppie word gekenmerk deur dagsome en riwwe wit, blinkende en veelkleurige kwarts. Teen die laer helling aan die westekant gaap daar twee grotte in die spierwit kwarts. Feitlik reg onder die grootste en onderste grot, wat vroeër glo skuiling aan 'n dosyn of meer mense kon bied, syfer eeuue lank reeds fonteinwater wat, ofskoon brak, tog drinkbaar is. Die kleiner grot hoer op waarvan die ingang deur digte bos- en struikgewasse toegegroei is, is geheel en al droog sodat heuningbye van tyd tot tyd daarin nes maak.


Die koppie Meerhoffkasteel is plaaslik ook as Mierkasteel bekend; in ou Kaapse dokumente en in die reisjouernale van eertydse ontdekkers, veeruilers, jagters en ander reisigers kom die naam Mierhoutskasteel, Mieropskasteel, Mierhoopskasteel, Mierenkasteel, Mierhoofkasteel, Kasteelklip en Miroskasteel<sup>2</sup> ewe-eens voor — almal dus variante of volksetimilogiese vorme wat deur reisigers, jagters, boere, of moontlik selfs deur die Namakwas, Sonkwas, Grigrikwas of Charigurikwas geskep is. Die fontein wat deur die eeuue standhouwend gebly het, is paslik bekend as Meerhoffsfontein, Mierfontein of Kasteelfontein, en het geslagte lank drinkwater voorsien aan die toevallige reisiger en in later jare ook aan die bewoners van die nabygeleë opstal.

Die Hardeveld, soos die omliggende vlaktes en lae rantjies bekend staan, bied skraal weiding aan vee, maar in goeie jare is daar met vroegherfs wuiwende lappe Namakwalandse blomme; ook kan allerlei graansoorte verbou word indien die reën op die regte tyd val. Die algemene indruk van die landskap is egter een van onherbergsaamheid; dit is 'n wêreld waarin die mens deur die harde natuur gebrei en gevorm word tot 'n bepaalde geestesgesteldheid en taaïheid waarvan die incidentele besoeker of toeris betreklik min begryp.

Hoewel Meerhoffkasteel eintlik 'n alleenstaande koppie is, vorm dit nietemin 'n skakel met die heuwelreeks wat die vlak vallei omgeef en wat van Koekenaap noordwaarts strek. Hierdie vallei was baie jare lank die voor-die-hand-liggende deurgang en roete vir moedige reisigers van die Olifantsrivier na die noorde en terug. Vandag loop die nasionale pad na Springbok en Suidwes-Afrika ver van hierdie historiese vallei af verby, maar afgeleë plase en plekke soos Bitterfontein, Elandsfontein, Louisfontein, Goerap, Kamkas en Krakeelklip word deur goeie afdelingsraadpaaie verbind. Hoewel Meerhoffkasteel ver van die woelige wêrldtoneel geleë is, het dit nogtans 'n interessante geskiedenis soos blyk uit die amptelike stukke en terloopse aantekeninge in ou dagboeke en reisjoernale. Daarby is die naam Meerhoffkasteel ook nog gehul in 'n waas van geheimsinnigheid en

misterie wat waarskynlik nie maklik opgeklaar sal kan word nie.

Meerhoffkasteel en Pieter van Meerhoff, die moedige baanbreker na wie die koppie vernoem is, is in-




1. Die onthulling van die gedenkplaat is waargeneem deur die skrywer van hierdie artikel in sy hoedanigheid as lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.  
2. *Quantum mutatus ab illo!* (Hoe verander alles tog nie!)

tiem verweef met die vyftiende-eeuse ryk en regeerde Monomotapa. Aan die begin van die vyftiende eeu het koning Mutota van die Vakarangavolk 'n veroweringsoorlog begin wat sy koninkryk en prestige aansienlik uitgebred het. Hierdie veroweringsveldtog het lank voortgeduur en sou aan die regeerders baie roem besorg, selfs tot in Europa. Die agtereenvolgende konings het die titel Mwene-mutape (Monomotapa?) aangeneem, dit wil sê "heer en meester van die geplunderde grondgebied". Teen die sesstiende eeu was die Monomotapa beslis nie meer die eertydse magtige ryk in Sentraal-Afrika nie, hoofsaaklik weens die onderlinge twiste en die feit dat die Portugese die goudhandel geëksploteer het.<sup>3</sup> Ou sesstiende- en sewentiende-eeuse kaarte, soos dié van Cantarini, Waldsemüller, Ortelius en Van Linschoten, duif die geografiese posisie van Monomotapa verskillend aan sodat daar begryplerwys verwarring ontstaan het oor mitiese goudstede soos Davagul, Gale en Vigita Magna, asook oor die posisie van die Rio Infante<sup>4</sup> en die Rio de Espiritu Santo.<sup>5</sup> Hoe dit ook al sy, die "illusiewe" Monomotapa het die verbeelding van Europese avonturiers, ontdekkers en seevaarders eue lank aangegep; geen wonder nie dat daar so baie daaroor geskryf en gedroom is!

Johan Anthonisz van Riebeeck, eerste kommandeur van die Kaap, was sedert sy aankoms aan die suidpunt van Afrika so deur die goudryk betower dat hy 'n intensieve studie daarvan gemaak het en onder meer die juiste posisie van die stede en riviere probeer vasstel het. Sy vername bron was Van Linschoten se werk, die mondelinge verslag van vader Martini ('n Spaanse priester wat die Kaap in 1653 besoek het), etlike reisverhale en die inligting wat van verbygaande matrose verkry is. Van Riebeeck was vas oortuig dat die Monomotapa-mense in steenhuisse gewoon het en baie beskaafder as die Kaapse Hottentotte was; ook het hy verkeerdelik aanvaar dat Vigita Magna, Samot, Cumissa en Gale slegs twintig tot dertig dagreise van Tafelbaai geleë was.<sup>6</sup>

Aangesien voordele handelsbetrekkinge vir die Kaap en die V.O.C. van kardinale belang was, het Van Riebeeck nie gehuiwer om die saak met die owerhede in Patria en die Ooste te bespreek nie. Kommissaris Rijckloff van Goens (die oue) wat die Kaap in 1657 besoek het, en die Here XVII het verlof gegee dat ekspedisies na Monomotapa en veral na die goudstede uitgestuur word. So het dit dan gebeur dat daar tussen 1660 en 1664 inderdaad ses pogings van soldate, vrywilligers en burgers was om die Rio Infante en die Monomotapa-stede te bereik.<sup>7</sup>

Enkele maande voor dat hierdie reise 'n aanvang kon neem, het 'n interessante persoonlikheid, ene Pieter van Meerhoff, 'n Deen uit Kopenhagen, in die Kaap aangekom. Hoe hy in die Kaap beland het en waarheen hy éintlik op pad was, is nie duidelik nie; omdat hy egter onderchirurgyn (dit wil sê bedreve in noodhulp) en daarby "wel ter pen"<sup>8</sup> en "oock eenighsints in de teyckenkunst ervaren"<sup>9</sup> was, het Van Riebeeck so 'n hoë dunk van die begaafde jong man gekry dat Van Meerhoff in 1660 ingesluit is by die eerste ontdekkingsreis na die fabelagtige Rio Infante en die Vigita Magna. "Meester Pieter", soos hy spoedig onder sy medereisigers bekend was, was in daardie stadium vyf en twintig jaar oud en het oor 'n besondere humor- en verantwoordelikhedsin beskik; daarby het hy ook 'n fyn aanvoeling vir die praktiese openbaar. Uit die reisjoernale blyk dit ondubbelzinnig dat dit verder sy spontaneiteit, energieke geaardheid en gewildheid onder die manskappe was wat verzekер het dat



'n Vroeë afbeelding van Meerhoffkasteel (1779).

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK (A.G. 7146 67)

hy al ses die ontdekkingstogte na die noorde meegebring het.<sup>10</sup>

Tydens die genoemde ontdekkingstogte (1660–1664) het Van Meerhoff onder meer as chirurgyn, joernaalhouer, sekunde en leier 'n prominente rol gespeel en veel bygedra tot die sukses wat wel bereik is. Volgens dr. E.E. Mossop, wat ruim vyftig jaar gelede die roetes van die ses geselskappe noukeurig nagevors en gekarteer het,<sup>11</sup> het die reisigers elke keer die Olifantsrivierberge by die Piekenierskloof oorgesteek en min of meer al langs die Olifantsrivier (Tharakama)<sup>12</sup> noordwaarts gereis. In Februarie 1661, tydens die tweede reis, het Van Meerhoff sy naam aan 'n ronde koppie bo-op Piekenierskloof gegee. Hy het die Berg "Het Casteel Meerhoff" genoem en volgens hom is dit: "...een ronde bergh, leggende op het vaste gebergte gelyk een casteel en is heel kenbaar, kan wel 17 a 18 mylen gesien worden eer men daar aenkomt ..."<sup>13</sup> Die onverklaarbare is egter dat dit eers tydens die vyfde reis onder aanvoering van Pieter Cruijthoff was dat die reisgeselskap op 9 Desember 1662 by 'n berg aangekom het; indien die aanwysinge en afstande noukeurig gevolg word, moes dié berg ongetwyfeld Meerhoffkasteel in die Hardeveld gewees het. Joernaalhouer F. de Smit beskryf die plek as "...groote holle klipje..."<sup>14</sup> Drie weke later maak die joernaal weer melding van die plek wat toe egter as die "paerdestall"<sup>15</sup> be-

3. D.J. POTGIETER (hoofred.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 7 (Kaapstad, 1972), p.517.

4. Rivier van die Koningskind.

5. Rivier van die Heilige Gees.

6. P.L. SCHOLTZ, Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olivantsrivier 1660–1902. ('n Geskiedenis van die distrik Vanrhynsdorp, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 29(2), 1966, p.7).

7. *Ibid.*, pp.8–15.

8. Pieter van Meerhoff se Nederlands was egter nog so gebrekig dat die sekretaris van die Politieke Raad, Hendrik Lacus, verplig was om Van Meerhoff se 'Journaelse aenteyckeninge' in goeie sewentiende-eeuse skryftaal om te werk. Kyk W.J. DE KOCK en D.W. KRÜGER (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woerdebok II* (Kaapstad, 1972), p. 813.

9. *Ibid.*

10. *Ibid.*

11. E.E. MOSSOP, *Old Cape highways* (Kaapstad, 1928), pp.117–169.

12. Tharakama is 'n Hottentotwoord wat "ruige rivier" of onstuimige water beteken. Kyk P.J. NIENABER, *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek I* (Kaapstad en Johannesburg, 1963), p.309.

13. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KA), Verbatim Copies (VC) 3 Dagregister: Journaelse aenteyckeninge, gehouden by den onderchirurgyn Pieter van Meerhoff, 11.2.1661, p.1100.

14. KA. VC 37 Journaelen en Dagregisters, Journaal gehouden bij mij Fredrich de Smit ..., 9.12.1662, ongepagineerd.

15. *Ibid.*, 31.12.1662, ongepagineerd.

Europa haat die in de Kasteel waarschou  
 en Padagat.  
 gelezen over olykheit  
 van d. n/p. 1800 Gmz

Sans Soucis -

Nr. 26 July 1792 -  
 dat ouerplaat van gespuiden water uitgegaan  
 daage d. 18 July 1793.

Eerste optekening van die naam Meerhoffkasteel (1792).

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK (R.I.R. 70)

skryf word waar slegs "...brack stinkent waeter..." gevind is. Dit is derhalwe duidelik dat die naam Meerhoffkasteel nie tydens die vyfde reis aan die spitskoppie gegee is nie.

Ook op die sesde en laaste tog het Van Meerhoff en die ekspedisieleier Jonas de la Guerre die Olifantsrivier op 16 November 1663 by Koekenaap verlaat; die noordelike roete is gevolg totdat die geselskap die volgende dag "een marmer bergh" bereik het waar 'n fontein met "salpeterigh water" gevind is.<sup>16</sup> Dit ly geen twyfel nie dat, met inagneming van die rigtings en afstande soos in die joernaal opgeteken, dit Meerhoffkasteel moes gewees het, ofskoon die grotte nie pertinent genoem word nie. Wat die benaming marmerberg betref, moet dit in gedagte gehou word dat die pre-Nama-gneiss-neerslae teen die spitskoppie baie soos marmer lyk; trouens dit word inderdaad deur Simon van der Stel as *albaster* beskryf. Dit bly dus duidelik dat die Hardeveldgrotte tot in hierdie stadium nie as Meerhoffkasteel bekend was nie.

Kort nadat hy in 1664 van die laaste binnelandse reis teruggekeer het, is Meerhoff deur die Politieke Raad tot chirurg bevorder; enkele maande later is hy getroud met Eva, 'n aanvallige jong Hottentotvrou, wat vroeër soos 'n kind by Van Riebeeck in die Fort ingewoon het. Eintlik was sy die Kompanjie se amptelike en nie-amptelike handelsattaché en tolk aan die Kaap, en daarby 'n talentvolle en geslepe diplomaat wat die kuns verstaan het om 'n dubbele rol te speel en skotvry daarvan af te kom.<sup>17</sup> Van Meerhoff, wat sedert 1665 bevelvoerder van Robbeneiland was, is in 1667 deur kommandeur Cornelis van Quaelbergen op 'n handelsending na Madagaskar, Mauritius en die ooskus van Afrika gestuur. Tydens hierdie ekspedisie is hy en sy makkers op 27 Februarie 1668 onverwags deur vyandige inboorlinge in Antongilbaai (Madagaskar) oorval en vermoor.<sup>18</sup>

Die naam Meerhoffkasteel vir die spitskoppie in die Hardeveld kom die eerste keer in 1682 voor in die reisjoernaal van Oloff Bergh, dit wil sê, agtien jaar nadat Pieter van Meerhoff die grotte die laaste keer besoek het. Bergh, wat 'n hoë amptenaar in diens van die V.O.C. was, is in 1682 deur Simon van der Stel aangesê om die koperberge van die Amakwas op te spoor ten einde mineralogiese ondersoeke uit te voer. Hy het met 31 Blanke en ses waens noordwaarts gereis langs 'n roete wat vandag min of meer deur die Malmesbury-Klawer-spoorlyn gevolg word. Op 12 November 1682 het die Bergh-reisgeselskap die Olifantsrivier by Klawer verlaat en drie dae later het die groep "...in een valeij bij een hooge steenrots genaemt Meerhofs Casteel" aangekom; daar naby het hulle "...brack water en geen gras als wat bosjes"<sup>19</sup> aangetref. Op die terugreis sestien dae later (dit

wil sê op 1 Desember 1682) word die koppie in die Bergh-joernaal egter Meerhouts Casteel genoem.<sup>20</sup> Uit die joernaal blyk dit ook dat Bergh beslis nie die naam Meerhoffkasteel aan die koppie gegee het nie; 'n mens kry eerder die indruk dat die kop 'n landteken was waarvan die reisgroep geweet het.<sup>21</sup>

Die volgende belangrike reisgeselskap wat Meerhoffkasteel besoek het, was dié van Simon van der Stel. Sy geselskap het bestaan uit 56 Blanke, 46 drywers en touleiers en was op 26 September 1685 met vyftien waens, agt karre, 'n koets, 200 osse, dertien perde en agt muile onder *Meerhofs Casteel* "...sijnde een bergh alsoo genaemt na een persoon die dese landstreeck mede heeft bereist, indeselve is een groote spelonck sijnde poorts gewijs door de natuir alsoo gemaekt..."<sup>22</sup> Van der Stel en sy geselskap was natuurlik net soos Bergh ook onderweg na die koperberge waar mineralogiese ondersoeke uitgevoer moes word, veral met die oog op die ekonomiese ontginning van die ryk Namakwalandse kopererts. Die kommandeur het sy naam op die rotswand van die onderste grot — die eerste inskripsie by Meerhoffkasteel<sup>23</sup> — laat uitbeitel en selfs tot bo-op die kruin van die spitskop geklim waarvandaan hy die omliggende terrein kon besigtig. In die reisjoernaal word die kop beskryf as "een hooge rugh hebbende een d'eeene kant een gangh van schoone witte albaster en aan d'and're kant root en wit, bruijn en wit, oock graeuw en wit, als mede geheele witte marmersteen..."<sup>24</sup> Wonder bo wonder was daar tydens Van der Stel se besoek goeie weiding en baie water by Meerhoffkasteel sodat die geselskap twee dae daar kon oorstaan en uitrus.

Die waas van misterie rondom Meerhoffkasteel lê dus daarin dat Van Meerhoff sy naam aan 'n koppie bo-op Piekenierskloof gegee het, maar dat dieselfde naam 21 jaar later in die Bergh-joernaal opduik vir 'n spitskoppie in die Hardeveld, 200 km noord van Piekenierskloofpas. Verder is dit opvallend dat die Meerhoffkasteel van Citrusdal na 1661 'n tyd lank nie in reisjoernale

- 16. *Ibid.* (Journael gehouden bij mij Pieter van Meerhoff van den heen ende wederom reyse gedoen in't Lant van Africa by den sergiant Jonas de la Guerre ...), 17.11.1663, ongepagineerd.
- 17. M.K. JEFFREYS, The first mixed marriage, *Drum*, Maart 1903, pp.46–47.
- 18. G.M. THEAL, *History of South Africa, 1486–1691* (Londen, 1888), p.187.
- 19. E.E. MOSSOP (red.), *Joernale van die landtogen van ... Olof Bergh (1682 en 1683) en ... Isaq Schrijver (1689)* (Van Riebeeck Vereniging no. 12, Kaapstad, 1931), pp.108 en 110.
- 20. *Ibid.*, p.130.
- 21. E.E. MOSSOP, Meerhoffkasteel, *Die Huisgenoot*, 5.7.1929, p.35.
- 22. G. WATERHOUSE, *Simon van der Stel's journal of his expedition to Namaqualand, 1685–6* (Londen, 1932), p.29.
- 23. E.C. GODÉE MOLSBERGEN (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II: 1686–1806* ('sGravenhage, 1916), p.15.
- 24. WATERHOUSE, *op. cit.*, p.29.

gemeld word nie, maar dat slegs verwys word na die "Groote Cloof" op pad na die Olifantsrivier.<sup>25</sup> Sou dit moontlik wees dat die ou reisigers die twee koppies met mekaar verwarr het? Dit is natuurlik ook nie uitgesluit nie dat Pieter van Meerhoff self sy naam aan die Hardeveldspitskop gegee het; hy het die plek immers vier keer besoek en het as joernaalhouer, onderleier en chirurgyn in 'n gunstige posisie verkeer om strategiese plekke te identifiseer en te benoem. Of het hy dalk slegs by wyse van spreke op humoristiese-ironiese wyse na die koppie as sy "kasteel" verwys?

Aan die begin van die agtiende eeu was die Meerhoffkasteelgrotte steeds in die Kaap bekend. So berig P. Kolbe wat indertyd verslag gedoen het oor die verskillende Hottentotstamme in die binneland, foutiewelik dat die Namakwas, met uitsondering van "...één bron alleen, die by Miros Castell te vinden is", uitsluitlik op die water van die Olifantsrivier aangewys is. Hierdie *Miros Castell* is nie 'n vesting wat ene Miros sou gebou het nie, aldus Kolbe, maar is glo 'n "uitgearbeide klip of berg, welke zonder twyfel een Hottentotsche Kaptein van deze natie heeft uitgearbeid of tot zijn vermaak vervaardigt". Kolbe kon vanweë die Hottentotte se "overgrote en ongelooflyke luyheid" hierdie feite nie maklik aanvaar nie. Wat hy wel kon bevestig, was dat daar in die *Miros Castell* twee vertrekke is waarin 'n redelike aantal mense gehuisves kon word.<sup>26</sup>

Gedurende die eerste kwart van die agtiende eeu het die Kaapse Weskusvlakte, noord van die Piketberge, steeds besoek ontvang van sporadiese wild- en olifantjagters, avonturiers en amptelike veeruilers. Veral laasgenoemde het gereeld hul opwagting in die Olifantsriviervallei en ander grensgebiede gemaak ten einde 'n genoegsame vleisvoorraad vir die Kaap en die verbyvarende Kompanjieskepe te verseker. Omdat die veeruilers nie altyd joernale gehou het nie en dikwels Hollandse name — soos Zots, Miere, Viere, Dirk en Vulkaan — aan die Hottentotkapteins en die onderskeie stamme gegee het, is dit nie altyd moontlik om die roetes en die lokalteite nader te bepaal nie. Tog kan dit met veiligheid aanvaar word dat veeruilers die Hardeveld tot 1730 besoek het om vee by die onderskeie krale te ruil. Slegs een veeruiler, die jonge kaptein J.T. Rhenius, het by geleenthed in 1721 sy naam op die grotwand by Meerhoffkasteel uitgekap, hoewel hy na alle waarskynlikheid ook in 1722 en 1724 weer by die fontein uitgespan het.<sup>27</sup> Na 1720 moes die veeruilers, volgens die beskikbare joernale en ander amptelike stukke, tot in Namakwaland reis aangesien die meeste Hottentotte feitlik almal permanent noordwaarts verhuis het.

Reeds vroeg in die agtiende eeu het die nomadiese veeboere die Kaapse weskusvlakkeland met hul veetroppe binnegetrek en mettertyd die beste weiveld en water amptelik as leningsplase laat registreer. Omdat die Hottentotstamme vanweë 'n groot verskeidenheid faktore (onder meer die veeruil, die pokke-epidemie van 1713, droogtes en hul aangebore rusteloosheid) reeds teen 1720 metterwoon in Namakwaland gevestig was, kon die noordwaartse trekbeweging van die veeboere rustig voortgaan. Die voorpunt van hierdie veeboertrekbeweging het die Onder-Olivantsriviergebied en die Hardeveld teen die begin van die jare dertig binnegetrek en die onbewoonde, uitgestrekte gebied permanent beset.

Ongeveer hierdie tyd het die Blanke veeboere van die Kaapse Weskusstrook ernstige verhoudingsprobleme met hul Boesmanbure ondervind. Laasgenoemde het die boere van die Piketberg, die Sandveld en die Olivants-

rivier lastig gevallen deur hulle vee te roof en te verminke, hulle opstalle af te brand en hulle en hul slawe te vermoor. Die Boesmans het self erken dat hulle hierdie dade pleeg omdat die Blankes "in haarlieden land woonden". Die toestand het geleidelik versleg sodat die boere met hul vee na die Piketberg teruggeval het en militêre poste in 1739 by die Warmbad, naby Citrusdal, en Compagniesdrift opgerig is. Verskeie kommando's is ook op die been gebring om Boesmanleiers soos Swartbooi en Titus te straf en die veeboere wat op die plase agtergebleef het, te beskerm.<sup>28</sup>

Indertyd het 'n gerug in die Kaap die ronde gedoen dat 'n vreemde skip etlike maande tevore langs die Namakwalandse kus op die rotse geloop het en dat die bemanning deur die Strand-Boesmans uitgemoor is.<sup>29</sup> Die Politieke Raad het die saak bespreek en besluit dat terwyl daar in September (1739) weer 'n kommando teen die Boesmans uitgestuur sou word, 'n sterk patrollie van ongeveer 30 man na die ontredderde skip en sy bemanning sou gaan soek. Terselfdertyd moes daar, om die koste te bestry, by die Namakwas soveel veé as moontlik geruil word. Hierdie taak is aan Philip Giebeler, "sergeant en baas" van die Kompanjiespos De Schuur, opgedra.<sup>30</sup>

Giebeler wat op 11 September 1739 vertrek het, het oor Heerenlogement na Meerhoffkasteel gereis.<sup>31</sup> Toe hy op 2 Oktober daar aankom, het dit hom opgeval dat enkele beeste op die berg gewei het; by nadere ondersoek is 'n kraal gewaar waaruit 'n menigte Boesmans op die vlug geslaan het. Later is vasgestel dat Titus en Swartbooi<sup>32</sup> hul daar skuilhou en voornemens was om ter geleener tyd strooptogte in die Langvlei en die Piketberg te doen. Een van die burgers, ene Willem van Wyk, en die Hottentotkaptein Keyser<sup>33</sup> het Giebeler, wat besig was om die Boesmans nader te lok en op tabak en arak te onthaal, gewaarsku om versigtig te weesveral omdat die

(vervolg op bladsy 31)

- 25. Vandag die bekende Piekenierskloofpas (vroeër Greyspas). Kyk A.P. SMIT, *Ons Kerk in Bo-Olivantsrivier; gedenkboek by die goue jubileum van die Ned. Geref. Kerk Citrusdal, 1916—1966* (Citrusdal, 1966), pp.19—21.
- 26. P. KOLBE, *Naauwkeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop I* (Amsterdam, 1719), p.467.
- 27. KA, Raad van Politie (C) 604 Dagregister: 8.9.1721, p.779, en 28.9.1722, p.1081; C 606 Dagregister: 11.11.1724, p.587; C. 19 Resolusies: 4.7.1724, p.133.
- 28. SCHOLTZ, *op. cit.*, pp.35—38.
- 29. KA, Stellenbosch-Argeif (St.) 20/1, Uitgaande brieue van landdros en heemrade: Landdros — Van den Henghel, 29.12.1738, ongepagineerd. Dit het later gevlyk dat die hele skipstorie 'n versinsel van Swartbooi en Titus was.
- 30. KA, C 31 Resolusies: 4.8.1739, p.256; C 615 Dagregister: 4.8.1739, pp.248—249, en 11.9.1739, p.262.
- 31. In die Heerenlogementgrot het Giebeler sy naam ("I.P. Giebeler, 24 Sept. 1739") saam met "I.M. Lourens, 24 Sp. 1739" uitgekap. Kyk P.R. KIRBY, *The Heerenlogement and its visitors; the story of one of South Africa's "historical monuments"*, *South African Journal of Science* 38, 1942, pp.352—386 (veral p.363). Vergelyk ook MOSSOP (red.), *Joernale van die landtogene van ... Olof Bergh ...*, p.185. In die Meerhoffkasteelgrot is die volgende inskripsie waarskynlik deur een van die lede van die geselskap gemaak: "AB 1739 18 OCE." SCHOLTZ, *op. cit.*, p.39.
- 32. KA, C 31 Resolusies: 8.12.1739 (Rapport van Giebeler, 28.11.1739), pp.424—439.
- 33. Willem W. van Wyk was geen onbekende by die Boesmans nie. Hy was immers een van die tien berugte veebuiters wat vroeër uit die omstreke van die Piketberg, die Sandveld en die Olivantsrivier vee by die Namakwas geruil en hulle aan verskeie wanpraktiese skuldig gemaak het. Kyk KA, C 31 Resolusies: 13.3.1739, p.103, en 4.8.1739, pp.251—254. Kaptein Keyser het die gerugte aangaande die gesstrandte skip na die Kaap gebring.

maand per inwoner beskikbaar gestel word. Omdat die onwilligheid om kampongs op te rig die skema kon verongeluk, was die munisipaliteit bereid om self kampongs te bou en te verhuur. 'n Begin is dan ook gemaak met die oprigting van 'n nuwe municipale kampong omdat die bestaande een reeds heeltemal ongeskik was.<sup>56</sup>

Die onderverhuring van huise in die Kleurlingwoonbuurt aan Swartes het tot 'n tekort aan Kleurlingbehusing gelei. Om die behoefte die hoof te bied, het die raad teen die middel van 1923 besluit om met 'n skema vir Kleurlinge te begin op 'n stuk grond wat van die Asiabazaar afgesny is. Vyftig huise, dertig met drie kamers en 'n kombuis, en twintig met twee kamers en 'n kombuis (almal met 'n badkamer en 'n stoep) is beplan. Terugbetaling was £3-10-0 per maand, maar omdat die meeste Kleurlinge hoogstens £2-10-0 per maand kon bekostig, is die badkamer weggelaat. In Mei 1924 is besluit om 20 van dié soort huise op te rig. Die Sentrale Behuisingsraad het in Julie ingestem dat hierdie huise, wat omhein en van 'n toilet voorsien was, teen £230 stuk opgerig kon word.<sup>57</sup>

## SLOTSOM

Al die voorafgaande skemas omvat die idees waarvolgens Pretoria se stadsraad Gekleurdes binne sy regsgebied wou huisves en dit het ruim twee dekades geneem om daaraan uitvoering te gee. Die skemas was veral op die Swart bevolking gemik en die Asiërs wat in 1919 hulp vir die armes in hulle geledere versoek het, het toe nog geen vooruitsig daarop gehad nie. Van al die municipale oplossings was die behuisingskema van 1920 aan die priesmendste kritiek onderhewig. Van die stadsraad se idealisme het daar ná 1924 min terug gekom en behuising in Marabastad en Bantule (soos die "nuwe lokasie" in 1923 gedoop is) het swak gebly. Hiervoor was die voortdurende instroming en armoede — faktore wat nie deur behuisingskemas uit die weg geruim kon word nie — verantwoordelik.<sup>58</sup> Dit is ook te betwyfel of die oplossing van die Pretoria Native Welfare Association, naamlik om 'n Swart-dorpie érens buite Pretoria aan te lê waar inwoners eiendomsreg op grond kon kry, die swaar hand van armoede en toenemende verstedeliking te bowe sou kom. Hierdie faktore het dekades later nog gegeld — 'n feit wat onderstreep word deur die algemene behuisingsstoestande in Lady Selborne, Eersterust en Riverside, woonbuurte waar Gekleurdes wel eiendomsreg kon kry.<sup>59</sup> ■

## MEERHOFFKASTEEL (vervolg van bladsy 15)

Boesmans snapane en ammunisie by hul gehad het. Oor wat daarna gebeur het, skryf Giebeler soos volg in sy joernaal: "...uijt vreese datanneer ik van daar vertrocken soude zijn sijl: herwaarts koomende haar boos voorneemen souden ter uijtvoer brengen, te meer dewyl hij van de geene waaren die hier te platten Lande soo veel roverijen en moorden gepleegd hebben, en dat'zy behalven een snaphaan nog met boog en assegai gewapent waaren; tot stuiving van dit hun quaad voorneemen, onder deselve so als se de vlugt begonnen te neemen, doen schietten, bij welke actie tusschen de 30 en 40 van deselve zijn doodgebleeven, waaronder sig den voorm. Cap: Swartebooij bevondsijnde desselfs soon Titus het ontkomen, alhoewel denselven bij de geleegenthijd is gequetst geworden ..."<sup>34</sup> Na die skermutseling is beslag gelê op 'n hoeveelheid ammunisie en 'n paar beeste wat vroëer van boere gesteel is. Ook Diklip, wat volgens bewering die slaaf van Albert van Zyl gedood het, is gevang.<sup>35</sup>

Kort na die slag by Meerhoffkasteel het die Boesmans as faktor uit die Hardeveld verdwyn; hoewel verskeie bekende plase in die naburige Onder-Olifantsrivier teen 1750 op lening uitgegee was, is die eerste drie Hardeveld-plase eers in 1770 aangeteken. Die onherbergsame en waterlose Hardeveld het veeboere gedwing om liewer na die Kamiesberge en die Hantam uit te wyk waar die klimaat en ander omstandighede veel gunstiger was.



'n Onlangse foto van Meerhoffkasteel.

Die leningsplaas Meerhoffkasteel, die sesde in die Hardeveld, is in 1792 ses maande lank aan ene Jans Jorssen toegeken;<sup>36</sup> daarna is dit deur verskeie ander boere aangevra totdat dit teen die eeuwending in die hande van Jacobus Coetzee (1730–1816), bekende jagter, ontdekkingsreisiger, avonturier en gids, gekom het. Die plaas is in Oktober 1843 op ewigdurende erfpaag in naam van Gert Coetzee, Jacobus se seun, geregistreer,<sup>37</sup> en het daarna tot 1912 in besit van die Coetzees gebly. Daarna het verskeie eienaars die plaas besit totdat J.J.G.L. Nel dit in 1954 aangekoop het; sedert 1976 is J.A. Nel die eienaar.<sup>38</sup> ■

- 56. TAB, CCP: Minutes of the General Purposes and Estates Committee, 19.1.1923, p.510, 15.6.1923, p.6, en 27.7.1923, p.682; Minutes of Council, 3.12.1923, p.393; *De Volkstem*, 3.12.1923.
- 57. TAB, CCP 3/131, korrespondensieler: Town Clerk — Superintendent of Locations, 3.4.1922; Town Clerk — Acting Superintendent of Locations, 24.4.1922; Minutes of the Public Health Committee, 25.8.1923; Town Clerk — Provincial Secretary, 11.10.1923; Coloured Housing Scheme, 22.2.1924; korrespondensieler 24: Town Clerk — Provincial Secretary, 22.5.1924, en korrespondensieler 131/37/182: Secretary Central Housing Board — Provincial Secretary, 13.7.1924.
- 58. S.P. ENGELBRECHT e.a., *Pretoria 1855—1955* (Pretoria, s.j.), pp.77–78; *De Volkstem*, 30.10.1923; HENNING, *op. cit.*, p.18; J.D.R. JONES en A.L. SAFFERY, *Social and economic conditions of Native life in the Union of South Africa ...* (Johannesburg, s.j.), p.93; E.J. KRIGE, Some social and economic facts revealed in Native family budgets, *Race Relations* 1(6), Okt.–Nov. 1934.
- 59. *Pretoria News*, 2.1.1905; TBP, DPB, TALG 3432, korrespondensieler: Clerk to Townships Board — Secretary Native Affairs, 6.7.1908.

- 34. KA, C 31 Resolusies: 8.12.1739 (Rapport van Giebeler, 28.11.1739, pp.424–439).
- 35. *Ibid.* Diklip is later na Robbeneiland verban.
- 36. KA, Land Offices, Receiver of Land Revenue (R.L.R.) 70 Aantekeningboek: Mieropkasteel ..., 20.7.1792.
- 37. KA, Quit Rent Register (Clanwilliam) 6—22, 15.10.1834 (no. 135, diagram 375).
- 38. KA, Surveyor General, Farm Register (Van Rhynsdorp): Meerhooffkasteel, 24.5.1954 (folio 393).